SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 **Is dit vir die jeug noodsaaklik om te stem?**

As **argumenterende** opstel kan die kandidaat redes aanvoer waarom dit vir die jeug nodig/nie nodig is om te stem nie. Daar moet ŉ samevatting in die slot wees. Die kandidaat kan die opstel as ŉ **beskrywende** opstel aanbied deur situasies te beskryf waarin stemreg belangrik/onbelangrik is/was. As **verhalende** opstel kan die kandidaat ŉ verhaal vertel waarin stemreg noodsaaklik/nie noodsaaklik was nie. In ŉ **bespiegelende** opstel kan die kandidaat bespiegel of stemreg noodsaaklik is al dan nie. As **beredeneerde** opstel word beide kante beredeneer met ŉ gevolgtrekking in die slot. Enige ander aanvaarbare interpretasie is toelaatbaar. **[50]**

1.4 **"Haai Sonneblom, ek wag vir jou op die horison.**
**Mag dit lank vat voor jy agterkom hoe mooi jy skyn, my sonneblom."**

As **verhalende/beskrywende** opstel kan die kandidaat die verhaal vertel of die gebeure beskryf wat aanleiding daartoe gegee het dat hy/sy hierdie aanhaling sê. In ŉ **bespiegelende** opstel kan die kandidaat bespiegel oor nederigheid/ŉ goeie selfbeeld. In ŉ **argumenterende** opstel kan redes voorgehou word waarom dit belangrik is om nederig te bly. Die kandidaat kan ook die teendeel hiervan ontgin m.a.w. dat dit nie nodig is om hoogmoedig te wees/te weet dat jy mooi is nie. As **beredeneerde** opstel kan beide kante van ŉ goeie selfbeeld/hoogmoed beredeneer word. Enige ander aanvaarbare interpretasie is toelaatbaar. **[50]**

1.5 **Die belangrikste les wat ek geleer het.**

Die kandidaat sal hierdie opstel hoofsaaklik as ŉ **verhalende/beskrywende** opstel aanbied. Die fokus van die verhaal is op ŉ belangrike les wat die spreker geleer het. In ŉ **bespiegelende** opstel kan die kandidaat bespiegel oor die belangrikheid van lesse wat hy/sy geleer het. In ŉ **argumenterende** opstel kan die kandidaat argumente voorhou oor watter les die belangrikste is. ŉ **Beredeneerde** opstel weeg die twee kante op. Was dit ŉ belangrike les, al dan nie. Kom tot ŉ gevolgtrekking in die slot. Enige ander aanvaarbare interpretasie is toelaatbaar. **[50]**

1.6 **Tweegesig**

Die kandidate kan ŉ **verhalende** opstel skryf waarin die verhaal vertel word van ŉ persoon wat voorgegee het om iets te wees wat hy/sy nie is nie/iets mooi gesê het, maar ŉ slegte bedoeling daarmee gehad het. In ŉ **beskrywende** opstel kan woorde/gedrag of die impak van voorgee beskryf word. In ŉ **argumenterende** opstel kan argumente aangevoer word waarom mense soms tweegesig is. As **beredeneerde** opstel kan die leerder beredeneer dat dit soms nodig is om tweegesig te wees, maar dat dit nie wenslik is nie. Enige ander aanvaarbare interpretasie is toelaatbaar. **[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.7 **Springbok en Protea**

As **verhalende** opstel kan die kandidaat 'n verhaal vertel waarin hy/sy Springbok-/Proteakleure verwerf het. Dit kan ook na 'n gebeurtenis verwys waar die spreker met 'n springbok te doen gekry het. Opstelle wat fokus op jag, 'n besoek aan 'n wildtuin, fauna en flora van ons land, verwoesting van die natuur of volhoubaarheid is ook aanvaarbaar. In 'n **beskrywende** opstel kan die springbok/protea as nasionale simbole beskryf word, ook ander soos vis, boom, ens. 'n **Argumenterende** opstel kan argumente voorhou waarom die protea/springbok belangrike simbole in Suid-Afrika of enige ander land is. In 'n **beredeneerde** opstel kan die leerder beredeneer waarom nasionale simbole nodig is al dan nie. Enige aanvaarbare interpretasie is toelaatbaar. **[50]**

1.8 **Pyltjies op en af**

Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel skryf oor dit wat hom/haar sukses laat bereik het, maar ook laat misluk het. Die verhaal kan ook handel oor hoe hard 'n persoon moes werk om dit te kry en hoe maklik dit was om dit te verloor. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat die harde werk om sukses te behaal en dit wat jou kan laat misluk, beskryf. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat bespiegel oor wat dit is wat jou suksesvol maak of jou laat misluk. In 'n **argumenterende** opstel kan die kandidaat argumenteer dat sukses nooit volkome bereikbaar is nie. As **beredeneerde** opstel kan die kandidaat beredeneer wat sukses waarborg of nie waarborg nie. Enige ander aanvaarbare interpretasie is toelaatbaar. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.6 **INFORMELE TOESPRAAK**

Die inhoud van die toespraak fokus op die jeug wat goed genoeg is.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die toespraak word tydens 'n informele geleentheid gelewer.
- Die jeug moet aangespreek word, bv. Goeiedag Seuns en Dogters.
- Die teikengehoor moet in gedagte gehou word.
- Die inleidingsin moet sterk en prikkelend wees.
- Die onderwerp kan reeds in die eerste paragraaf genoem word.
- Die onderwerp word in die daaropvolgende paragrawe uitgebrei.
- Die toespraak moet motiverend van aard wees.
- In die slotparagraaf word die argumente treffend en bondig saamgevat. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**


SA EXAM PAPERS

